

15 April 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 10

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Volmaakte liefde verdryf vrees

**Vrees is 'n oorlewingsmeganisme wat in elke lewende wese ingeskape is. Wanneer 'n dier in die natuur bedreig word, word op vrees gereageer deur te veg, te vlug of te vries. Die aard van die bedreiging bepaal gewoonlik die tipe reaksie.**

Vrees maak dat die mens ook in 'n sekere sin hierdie reaksies openbaar. By mense lyk bang nie altyd soos bang nie en verskyn vrees net meer subtiel en in verskuilde vorme soos haat en aggressie. Dit is juis hierdie verskuilde vorme van vrees wat verhoudinge kan beskadig en letsels op mense laat, iets wat in die Suid-Afrikaanse konteks toenemend besig is om te gebeur.

In die vorige bedeling was vrees die subtielste dryfveer vir die totstandkoming en handhawing van daardie bedeling en vrees wou dit ten alle koste instandhou of beveg. Met die nuwe bedeling het vrees steeds nie verdwyn nie. Nuwe vrese het na vore getree as gevolg van regstellende aksie, misdaad, taalregte, onderwys, veiligheid op plase en politieke onmag. Stelselmatig het onder swartmense eie vrese ontstaan as gevolg van hul lewensomstandighede wat nie verbeter nie en dienslewering wat in duie stort. Die regering van die dag moet sekerlik bang wees as toi-toiende skares strate invaar om te betoog teen swak dienslewering. Vrese oor hul eie onvermoë word gewoonlik geprojekteer op apartheid en die klein wit minderheid.

Die afgelope tyd was een van die verskuilde vorme van vrees die gewraakte liedjie *Kill the farmer, shoot the boer* wat deur Julius Malema gesing word. Hierdie liedjie en ander vorme van haatspraak en dreigemente is goeie voorbeelde van vrees as vegreaksie. Die moord op Eugene Terre'Blanche het die vegreaksie op die spits gedryf by baie ondersteuners en besorgde Afrikaners. Ander wil weer vlug deur te emigreer of veiligheidstelsels op te skerp, en ander verval in materialisme as vorm van sekuriteit. Sommige vries en die verskuilde vorm daarvan is apatie, onbetrokkenheid en gevoelloosheid jeens ander.

Uit 'n Bybelse oogpunt kan die praktyke van die sondige natuur (Gal 5: 19-21) ook as vreespraktyke geld. Vrees loop byvoorbeeld soos 'n swart draad deur praktyke van vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns ... en al dergelike dinge. Vrees kan 'n aanhitser wees as dit kom by praktyke van ons sondige natuur. Daarteenoor word die vrug van die Gees gestel in Galasiërs 5: 22 waar liefde weer soos 'n goue draad loop deur vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Daar is duidelik twee pole. Vrees wat die aanhitser is van sondige praktyke, teenoor die liefdespraktyke (agapé) wat die Heilige Gees gee.

In 1 Johannes 4: 18 staan daar dat volmaakte liefde vrees verdryf. Die afgelope Paastyd het die Kerk weer eens die grootste voorbeeld van volmaakte liefde herdenk, naamlik dat Jesus Christus gely en gesterf het vir ons sonde. Wat nodig is in Suid-Afrika onder alle bevolkingsgroepe, is geloofwaardige agente van volmaakte liefde wat vrees verdryf. Absolute liefde wat op voetsoolvlak geleef word, verdryf vrees in al sy sondige praktyke. Kerkleiers uit alle oorde behoort die volle konsekwensie van hierdie volmaakte liefde aan lidmate uit te spel. Christene moet opgeroep word tot kalmte en 'n nugtere besef dat die enigste oplossing lê in absolute liefde wat voluit werk. Daar is miljoene Christene in hierdie land wat dié roeping het en almal is potensiële draers van volmaakte liefde wat die vrees verdryf.

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Die Hervormer

e-Hervormer

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

[www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Ds André Ungerer



# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

## Beroep ontvang

- **Ds Leon Geel** van Grimbeekpark na Theresapark
- **Ds Piet Steenkamp** (beroepafwagend) na Saffierkus (deeltyds)

## Beroep bedank

- **Ds Leon Geel** van Grimbeekpark na Theresapark

## Vakante standplaas

- **Gemeente Johannesburg** beskik oor 'n vakante **deelsorgstandplaas**. Die gemeente is saamgestel uit ongeveer 144 belydende lidmate, waarvan die meeste in die ouderdomsgroep 35 tot 60 val. Die gemeente bied 'n unieke uitdaging aan 'n bedienaar van die Woord om in 'n tipiese stadsmilieu die Woord te verkondig en die Koninkryk sigbaar te maak. Predikante wat daarin belangstel om die gemeente te bearbei, kan 'n **CV** stuur na [wheelercw@sabc.co.za](mailto:wheelercw@sabc.co.za) of per gewone pos na Posbus 96744, Brixton 2019 **voor 28 April 2010**. Kontak Stienie Wheeler by 082 936 0376 of ds CJ van Wyk (konsulent) by 082 898 2345 vir meer inligting.

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Giel Malan** van Gemeente Newlands in Johannesburg herstel tans van Bell-paralise. Hy begin nou weer preek nadat sy gesig gedeeltelik verlam was. Voorbidding word vir sy volkome herstel gevra.
- **Prof Ben Engelbrecht** het weer 'n terugslag gehad, maar dit gaan nou weer beter. Hy herdenk later vanjaar 60 jaar in die bediening. Voorbidding word ook gevra vir prof Ben en sy vrou, Rina.
- Nadat hy 19 jaar lank in Gemeente Zeerust gewerk het, is **ds Richard van der Westhuizen**, sy vrou Esmé en hul seun David op Sondag 11 April deur **Gemeente Tzaneen** ontvang. Die konsulent, dr Jan Truter, predikant van Letsitele, het hom in sy amp bevestig. Dr Fanie Pretorius het namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) groete en gelukwense oorgedra, en ds Martin Janse van Rensburg namens die ring van Laeveld.
- **Ds Joseph Steyn** word op Sondag 18 April deur die **Kuruman-kombinasie** ontvang. Hy word deur die konsulent, ds Leslie Kern, in Gemeente Postmasburg in sy amp bevestig. Dr Fanie Pretorius en ouderlinge Hannes Esterhuizen en Giel Pretorius van die Kommissie van die AKV sal gelukwense oordra. Die standplaas is gevorm en 'n predikant beroep omdat meer as 20 gemeentes vir die volgende twee jaar as voogde optree. Weer eens dankie aan dié gemeentes en kerkrade.
- **Prof Piet van der Merwe** tree Saterdag 17 April in die huwelik. Ons beste wense vergesel hom en Riekie.
- Sedert dr Gerhard Lindeque en ds Petri van Rooyen se vertrek na nuwe gemeentes, het **prof Piet Geyser** pastorale werk in **Gemeente Rooihuiskraal** gedoen. Op 1 Mei neem **ds Jaco Vogel** egter die leisels oor.
- **Die volgende predikante verjaar in die komende week**, en word hartlik geluk gewens. Hul besonderhede verskyn in die *Almanak*, indien lesers hulle dalk op hul verjaardae wil kontak.
  - Vrydag 16 April: Ds Gerhard Stoltz
  - Sondag 18 April: Ds Jan Kramer
  - Maandag 19 April: Di Pierre Jacobs en Tinus Swart
  - Woensdag 21 April: Ds Edzard van Baalen en dr Kobus van Biljon
  - Vrydag 23 April: Di Francois Evert en Casper Steenkamp
- Die **Eendrachtkring** het die onderstaande datums van byeenkomste vir hierdie jaar vasgestel. 'n Kennisgewing met meer besonderhede word versend. Kontak **ds Wilhelm Steyn**, voorsitter van die Eendrachtkring, by 012 348 2932.



Gemeentes en ringe word ook gevra om nie die emeriti en weduwees van predikante in hul midde te vergeet nie.

- Donderdag 20 Mei: Ontbyt in die saal van Gemeente Pretoria-Oos (09:30 vir 10:00)
  - Donderdag 12 Augustus: Sop en sjerrie by Ons Tuis
  - Donderdag 18 November: Ete by Gemeente Montana
- **Versoek: Bydraes vir Bybels.** Die **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** bied van **Vrydag 16 tot Sondag 18 April** 'n **gemeenskapsprojek** aan in die voormalige Wespark-kerkgebou. Die projek vorm deel van die formele leerplan, en beoog om straatkinders en ander verwaarloosde kinders in daardie omgewing te bereik deur 'n naweek te konsentreer op die 4de, 5de en 6de bedes van die Onse Vader. AIM beplan om minstens 100 Bybels oor die naweek te versprei. Lidmate, weldoeners, gemeentes en ringe word versoek om 'n finansiële bydrae te lewer tot die aankoop van die Bybels. Kontak mev Clarika Hattingh (012 322 8885 / [evangelisasie@nhk.co.za](mailto:evangelisasie@nhk.co.za)) of mev Sarie Roux (012 322 8885 / [kassier@nhk.co.za](mailto:kassier@nhk.co.za)) ten opsigte van die oorbetalings van die geld. AIM se adresbesonderhede is soos volg: Afrika Instituut vir Missiologie, Posbus 2368, Pretoria 0001. Die bankbesonderhede is die volgende: Afrika Instituut vir Missiologie; tjekrekening nommer 40 6187 8535; bankkode 323 145; BIC-kode 335 545; SWIFT-adres ABSA2AJJ CPT; IBAN-nommer 406 1878 535.
  - Ampsdraers en lidmate word herinner aan die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** se **Aktualiteitsdag** wat op versoek van die Kommissie van die AKV gereël word. Dit vind plaas op **Dinsdag 27 April** by **Gemeente Montana**. Die volgende temas sal bespreek word:
    - **Skrifbeskouing en Skrifhantering:** Inleiers dr Gert Malan en dr Johan Otto
    - **Volkserk:** Inleiers ds Rudi Schoeman en prof Ernest van Eck
    - **Ekumene:** Inleiers dr Johan Steenkamp en ds Etienne Fourie
    - **Missionale gemeentes:** Inleiers dr Christo van der Merwe en dr André BotmaKontak mev Betsie Brits by 012 420 5393 of [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za) vir meer besonderhede.
  - Die **5de Algemene Diakensvergadering (ADV)** vind by Gemeente Meyerspark plaas van **Woensdag 19 tot Saterdag 22 Mei 2010**. Registrasie begin op Woensdag 19 Mei om 16:30, en die openingserediens begin om 19:00.
  - Gemeentes kan **nominasies** voorlê vir die toekenning van 'n **erepenning vir besondere dienslewering** in die Kerk. Die nominasies moet die sekretaris van die Kommissie van die AKV **voor 31 Mei 2010** bereik. Die reglement vir toekenning is beskikbaar op die Kerk se webblad.
  - **Nominasies** vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** sluit ook op **31 Mei 2010**.
  - Die eerste **ringesvergaderings** vanjaar het reeds op 11 April begin. Die volgende vergaderings vind nog gedurende April plaas:
    - 16 en 17 April: Dorsland, te Mariental
    - 17 April: Pietermaritzburg, te Pietermaritzburg
    - 17 April: Noordelike Natal, te Newcastle
    - 17 April: Bothaville, te Bothaville
    - 20 April: Chrissiesmeer, te Breyten
    - 24 April: Noord-Kaapland, te Stella
  - **Gemeente Randburg** se **orrelispos** is sedert 1 April 2010 vakant. Kontak Elna by [admin@nhk-randburg.co.za](mailto:admin@nhk-randburg.co.za) of ds CJ van Wyk by [cjwyk@nhk-randburg.co.za](mailto:cjwyk@nhk-randburg.co.za).
  - **Gemeente Pretoria-Tuine** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar, en die kandidaat moet tydens oggend- en aanddienste optree (aanddienste vind plaas gedurende skooltye tot einde September, uitgesluit Junie en Julie). Daar is ook 'n sanggroep. Vergoeding is volgens skaal. Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of [andre.botma@telkomsa.net](mailto:andre.botma@telkomsa.net), of Clarence Marks by 012 379 6898 of [nhktuine@gmail.com](mailto:nhktuine@gmail.com).
  - **Gemeente Randburg** bied van **7 tot 9 Mei** 'n **huweliksverrykingsgeleentheid** aan by Zinyala Lodge in Limpopo. Die aanbieder is dr Kobus van Biljon. Bespreek by [admin@nhk-randburg.co.za](mailto:admin@nhk-randburg.co.za), of kontak ds CJ van Wyk by [cjwyk@nhk-randburg.co.za](mailto:cjwyk@nhk-randburg.co.za) vir meer inligting.

## Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- Die naweek van **23 tot 25 April** bied Lindie Gouws van *My World* 'n konferensie aan vir vroue in samewerking met **Gemeente Gaborone**. Julius Magan sal die lof en aanbidding lei. Kaartjies is P300 of R330. Dit sluit tee/koffie/beskuit en 'n ligte middagete vir Saterdag in, asook ander verrassings. Vrydag 18:00 tot 21:30, Saterdag 09:00 tot 16:00, en



Sondag erediens. Vir navrae en besprekings, kontak Sanette Mostert by 00267 714 53499.

- Die **NHSV-hoofbestuur se Feeskonsert** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** om 14:00 in die kerksaal van Gemeente Schoemansdal. Die volgende Hervormde kunstenaars tree op ter viering van die 70ste bestaansjaar van die NHSV: Kevin Leo; Thinus van Staden en sy groep; Franco en Ingemari Loots; Hannes Retief; Oorwinningskinders met Jaco, Rianda, Rozelda en Leon Fourie; Henry van Dyk; en die gewilde groep La Diva. Die koste is R60 per persoon en sluit verversings in. Die opbrengs van die konsert is ten bate van die **NHSV se Armoedefonds**. Kaartjies is by die NHSV-kantoor beskikbaar, telefoonnommer 012 325 0117.
- **Navi Redd** tree op **Donderdag 3 Junie** om 19:00 op in die Eeufeessaal, Krugersdorp. Die koste is R50 per persoon, en die fondse is ten bate van die **NHSV-hoofbestuur se Armoedeprojek**. Kaartjies is beskikbaar by M Fourie, 011 953 1402.

## Kampe en toere

- Toer saam na die **2010 Passiespel**. Beleef Rome, Oberammergau en die Passiespel, die Swartwoud, Switzerland en Parys vir R32 500, of die Passiespel (sonder Rome) na Parys vir R30 000. Alle lug- en landreëlings, oornag en 2 etes per dag, lughawebelasting en toegangsgelde ingesluit. Skakel ds André Ungerer by 018 468 5129 of 082 940 8201 dadelik om plek te bevestig.
- **Gemeente Gaborone** in Botswana bied van **31 Mei tot 5 Junie** 'n **vliegsafari aan**. Kontak Rudie de Wet by +267 713 00166 of [rudie@dewetdrilling.co.bw](mailto:rudie@dewetdrilling.co.bw), Guillaume Knipe by +267 713 00646 of [gknipe@work.co.bw](mailto:gknipe@work.co.bw), of Jan de Wet +267 713 00168 vir meer inligting.
- 'n **Toer** van agt dae word **na Israel** onderneem van **31 Mei tot 7 Junie 2010**. Vyfsterakkommodasie en -versorging. Toerprys R19 000 alles insluitend. Kontak dr Hennie Botes by 014 743 0209 of [hjbotes@worldonline.co.za](mailto:hjbotes@worldonline.co.za).

## Sportbyeenkomste en -kompetisies

- Op **Saterdag 29 Mei** bied Gemeente Piet Retief 'n **visvangkompetisie** aan by die Heyshopedam op die Ermelopad. Inskrywings vind van 06:00 af plaas en inweeg sluit om 16:00. Inskrywingsgeld beloop R80 per persoon met twee stokke. Die eerste prys is 'n **vakansie aan die Natalse Noordkus** van 'n Vrydag tot die volgende Vrydag (buite seisoen), en sluit etes, reiskoste van en na die bestemming asook alle ander moontlike koste **uit**. Die waarde daarvan is minstens R7 000. Slegs vier persone waarvan ten minste een 'n volwassene moet wees, mag die eerste prys benut. Daar sal ook ander pryse wees, en wegneemetes sal deur die dag te koop wees. Kontak Flip Klopper by 083 785 5448, Isak Potgieter by 072 246 4554 of Gert Coetzee by 082 927 0220. Die **aand** om 19:00 word 'n **damdans** met die tema *The good, the bad and the ugly* aangebied. Toegang by die dans beloop R50 per persoon en sluit 'n ete in. Vir inligting oor die dans, kontak Graeme Bennie by 082 782 2123.

## Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** bied op **Woensdag 21 April** 'n **wynveiling** aan. Die koste is R100 per persoon, en dit sluit 'n piekniekmandjie-ete en 2 gratis bottels wyn per tafel in. Kevin Leo is die gaskunstenaar. Kontak Annatjie Sandrock by 015 295 5464, 072 356 7189 of [nhk.welgelegen@absamail.co.za](mailto:nhk.welgelegen@absamail.co.za).
- **Gemeente Losberg** in Fochville bied 'n **Jagpakket** aan. Die fondse gaan aangewend word vir **diakonale dienswerk** soos ouetehuse, kinderhuse, buitengewone onderwys, barmhartigheid, ensovoorts. Daar is 5 pryse wat gewen kan word vir slegs **R50** – 'n blouwildebees, 'n blesbok, 'n lam, 'n vark en 4 kg biltong. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om in te skryf. Die trekking vind plaas op **2 Julie 2010** tydens die gemeente se Biltongaand.
- **Gemeente Losberg** is ook besig om **fondse** in te samel vir die basaar op 28 Mei. 'n Replika van 'n **1931 Chevrolet Roaster**, handgemaak van rooshout op 'n skaal van 1:14, is aan die gemeente geskenk. Koop 'n kaartjie teen R10 en maak 'n aanbod (wat u vir die replika sal betaal). Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om deel te neem. Die sluitingsdatum is **28 Mei 2010**.
- As deel van **Gemeente Randburg** se jaarlikse basaar (5 Junie 2010), waarvan die totale wins vir **barmhartigheid** aangewend word, loods hulle 'n kompetisie om 'n **vakansie vir twee na Egipte** te wen. Die prys sluit retoer ekonomiese vliegtuigkaartjies in vir Johannesburg-Kaïro-Aswan-Luxor-Kaïro-Johannesburg; lughawebelasting; vervoer tussen lughawe, hotel en hawe; 3 nagte op Nylboot (alle etes ingesluit); en 2 nagte in Kaïro (bed en ontbyt). Kaartjies is beskikbaar teen 'n donasie van R100 by 011 787 4983, [admin@nhk-randburg.co.za](mailto:admin@nhk-randburg.co.za) of [elna@nhk-randburg.co.za](mailto:elna@nhk-randburg.co.za).



- Aspirantsangers tussen die ouderdomme van 13 en 23 jaar kan deelneem aan 'n **Afrikaanse sangkompetisie** by **Gemeente Ottosdal** op **Saterdag 31 Julie** vanaf 14:00. Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **Vrydag 16 Julie**. Die eerste, tweede en derde pryse is onderskeidelik R3 000, R1 500 en R500. Navrae kan gerig word aan Adri Botha by 082 403 5051.

## Basaars en markte

- **Gemeente Delareyville** se gewilde **Generaal Delareyfees** vind plaas op **Saterdag 1 Mei** op die kerkterrein. Die gaskunstenars is die Campbells, Piet Planter en Ruben Wentzel, en **toegang is gratis**. Vir 'n skamele R100 kan jy dalk **jou eie veeboerdery** begin met 'n bul en tien topverse, of vyf topverse, of 10 skaapooie. Hierdie pryse is ook in kontant beskikbaar. Jy kan kaartjies telefonies bekom en hoef nie teenwoordig te wees die dag met die trekking nie. Topkwaliteit vleis sal teen groothandelpyryse beskikbaar wees. Daar sal ook handgemaakte artikels, heerlike tuisgebak en egte Wes-Transvaalse vleisgeregte soos kaiings en sosaties wees. Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of ds Attie Hattingh by 082 770 6862. Meer inligting is ook beskikbaar op Facebook onder *Genl Delareyfees*.
- **Gemeente Verwoerdburg** hou op **Saterdag 1 Mei** vanaf 09:00 **Hoenderbasaar** op hul kerkterrein. Gaan kuier en eet gerus saam. Vir meer inligting, skakel 012 664 2044.
- **Gemeente Vaalharts** hou op **Saterdag 1 Mei Kontreifees** op die sportgronde van Hoërskool Hartswater. Daar gaan fietswedrenne wees, rugby, uitstallings en vele meer. Kontak Riaan Esterhuizen by 053 474 0289 of 082 453 6889 vir meer inligting.
- Die **Kuruman-kombinasie** bied op **Saterdag 29 Mei** om 09:00 die **Kameeldoring-karnaval** aan. Bok van Blerk, Piet Planter en ander plaaslike kunstenaars tree op as gaskunstenars, en toegang is gratis. Hulle het ook 'n groot **kompetisie** teen slegs R100 per kaartjie. Die 1ste prys is 'n gerestoureerde 1971 Ford Fairlane V8; die 2de prys is 'n 1975 Mercedes Benz 240D; die 3de prys is 'n vleispakket bestaande uit 'n slagbees, slagskaap en 'n gemsbok; en die 4de prys is 'n week lange vakansie in Umdloti van 16 tot 23 Julie. Daar sal rou vleis verkoop word teen billike pryse, allerhande lekkernye om aan te smul, en hulle beplan 'n veiling met kwaliteit artikels. Vir meer inligting, kontak Rita Kern by 083 328 4465 of 053 723 1266.
- **Gemeente Groot Marico** hou vanjaar hul **Safarikarnaval** op **Saterdag 5 Junie**. Toegang is gratis en daar is volop parking. Die gaskunstenaar is Thys die Bosveldklong. Koop pragtige kunswerke en antieke meubels op die veiling, eet pap en kaiings soos in die ou dae, vul sommer die vrieskas aan met keur vleissnitte (uiters goeie pryse), om nie te praat nie van die konfyte en ander ingelegde produkte. Rig navrae aan ds Willem Sauer by 079 699 1237 of besoek [www.maricosafarikarnaval.co.za](http://www.maricosafarikarnaval.co.za).
- **Gemeente Ventersdorp** hou op **Saterdag 4 September** basaar. Daar sal ook **pretritte met veteraanmotors** wees. Daar is geen inskrywingsfooi nie maar wel goeie pryse te wen. Enigeen wat die gemeente finansieel wil ondersteun of aan 'n pretrit wil deelneem, kan Mario Röscher kontak by 083 566 4351.

## ANDER NUUS

- 'n **Radioaanbiedingskursus** word van **Maandag 19 tot Woensdag 21 April** aangebied in Johannesburg by die kantore van **RSG** in die SAUK-Radioparkgebou, Aucklandpark. Die kursusleier is **dr Flip Loots** en die kursus is geakkrediteer by die Universiteit van Pretoria sodat persone wat dit bywoon, krediete daarvoor ontvang. 'n Wye spektrum van modules word hanteer, onder andere: die radio as 'n eiesoortige kommunikasiemedium, die vereistes by erediensopnames, die gebruik van die stem en die mikrofoon, die metodiek van die skryf van 'n radiomanuskrip, die etiek van radio-uitsendings, kommunikasie met die luisteraar, 'n eiesoortige radiohomilitiek en liturgiek. Daar is verskeie praktiese sessies en 'n tuiswerksopdrag wat na afloop van die kursus ingehandig moet word. Suksesvolle kandidate ontvang 'n sertifikaat van die Universiteit van Pretoria. Kontak Flip Loots **op die laaste teen Vrydag 16 April**. Die koste vir die drie dae beloop R800 en is betaalbaar by Suki van Jaarsveld, sekretaresse van prof Malan Nel. Haar e-posadres is [Suki.VanJaarsveld@up.ac.za](mailto:Suki.VanJaarsveld@up.ac.za), en haar telefoonnommer is 012 420 4952. Of kontak Flip Loots by 012 998 0883 of 082 572 1618.
- Die **Nuwe Hart Stigting** wil 'n bydrae lewer tot moraliteitsherstel in Suid-Afrika, en bied 'n konferensie aan in samewerking met die Kantoor vir Morele Leierskap aan die Universiteit van Stellenbosch. Dit vind in **Krugersdorp** plaas van **Woensdag 21 tot Vrydag 23 April**. Registreer aanlyn by [www.nuwehart.com](http://www.nuwehart.com), of skakel Drienie by 011 665 2017.
- 'n Besondere **musiekuitvoering** vind op **Sondag 25 April** van 16:00 tot 17:15 plaas in die **St Albans-katedraal in Pretoria**. Luister na die Atempo Brass-ensemble, onder andere met Anton Delen en Barry Grobbelaar, saam met die



Dithaga vokale-ensemble en Willem Luitingh agter die orrel. Daar is veilige parkering in Skinnerstraat beskikbaar. Kaartjies is beskikbaar by Computicket en by die kunstenaars. Kontak Hettie Delen by 012 329 0549 (nauurs).

- Die **evaluering van voornemende teologies studente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word van die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001. Kontak mev Betsie Brits by tel 012 420 5393, faks 012 420 4303 of [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za). Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April** van elke jaar.
- Op **Saterdag 8 Mei** bied A4C (*Adventures for Christ*) 'n Gesinsdag aan by die RMFJ-kampterrein in Pretoria (*Real Men Follow Jesus*). Die doel is om 50 000 Bybels vir behoeftiges in te samel, asook om 200 kinders van die Sonop-kinderhuis in Pretoria op dié dag van kos te voorsien. Daar sal kosstalletjies, sangers, uitstallers, 'n vlooiemark en verskeie ander aktiwiteite wees. Bring u ou Bybels saam, of borg die aankoop van nuwe Bybels. Vir meer inligting, besoek [www.adventures4christ.co.za](http://www.adventures4christ.co.za), of kontak LJ Swart by 082 888 9302, of Riette Combrink by 084 415 8516 of [riette@activebrand.co.za](mailto:riette@activebrand.co.za).
- Die **Eiland/Beeld-Kinderfonds Gholfdag** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** by die Hans Merensky Buiteklub in Phalaborwa. Gaan speel gholfe, of neem deel aan een van 'n verskeidenheid borggeleenthede, of gee 'n ex gratia-donasie. Kry so blootstelling tydens die geleentheid en daarna in die media. Stuur 'n e-pos na [info@beeldkinderfonds.co.za](mailto:info@beeldkinderfonds.co.za) vir 'n inskrywingsvorm.
- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Saterdag 17 April: Kommissie van die ADV
  - Maandag 19 April: Raad vir Regsadvies
  - Dinsdag 20 April: Missionale Bediening
  - Woensdag 21 April: Die Ondersteuningsraad se Finkom
  - Donderdag 22 April: Moderamen van die AKV

## ADVERTENSIES

**Selfsorg-gastehuis** met slaapplek vir 4 mense in **Pringlebaai, Wes-Kaap** te huur. Lieflike uitsig oor Valsbaai en die berge. Rustige kleindorpie-atmosfeer. Beskikbaar heel jaar. Ten volle toegerus en met skoonmaakdiens. R500 per nag vir die huis. Skakel 083 309 0829.

- Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 630 5153, of na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing: SENTIK Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

## AGTERBLAD

### Professionele samewerking

Soos elders in hierdie nuusbrief genoem, bied die **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** van **Vrydag 16 tot Sondag 18 April** 'n **gemeenskapsprojek** aan in die voormalige Wespark-kerkgebou. Die projek vorm deel van die formele leerplan, en beoog om straatkinders en ander verwaarloosde kinders in daardie omgewing te bereik deur 'n naweek te konsentreer op die 4de, 5de en 6de bedes van die Onse Vader. AIM beplan om minstens 100 Bybels oor die naweek te versprei.

Die projek het ook gesorg vir leersame en opwindende samewerking tussen AIM en SENTIK. Prof Natie van Wyk van AIM het gekonseptualiseer, en mej Francis Coertse van SENTIK het ontwerp, kinders bymekaar gekry en foto's geneem, drukonderhandelings gevoer, en uiteindelik met spogprodukte vir die bemarkeering en aanbieding vorendag gekom.

Ons droom is  
dat alle mense  
in Jesus Christus sal glo  
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque  
Subredakteur: Ds André Ungerer  
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius  
Teksvorsorger: Mev Tessa Oppermann  
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx